Die Koerier

Jaargang 37
Nommer 05

GEREFORMEERDE KERK LYTTELTON

www.gklyttelton.org.za

ONS EREDIENSTE VANDAG

Oggenddiens

Dit is voorbereiding met die oog op Nagmaal aanstaande Sondag. Onthou die Diens begin om 10:00.
Die Diens word waargeneem deur Ds. Christo Swanepoel. Die skriflesing is Ps. 106. Teks: Ps. 106: 4 en 5. Tema: "God luister na sy kind se verlange na Hom."
Hoofpunte:

God se kind wat verlangend roep.
God se kind wat ontvang.

Sing: Ps. 149: 1 en 2; Skrifberyming 12-3: 1 en 2; Psalm 86: 1 en 2; Psalm 86: 4 en 6; Skrifberyming. 14-2: .1

Aanddiens

Ds. Christo Swanepoel preek vanaand Die Skriflesing is Galasiërs 5: 16-26
Teks: Galasiërs 5:24-25. H.K. Sondag 44 word behandel.
Tema: God vat Sy wet saam in die hart van die mens.

God het jou Sy wet gegee.
God het jou, jou hart gevra.

Sing: Psalm 19:1 en 4; Psalm 40 40: 4; Skrifberyming 10-2; Psalm 119: 62 en 63.

MEELEWING

Sr Cathy van de Linde was op 7 Februarie vir 'n ligte prosedure by 1 Militêre Hospitaal. Ons vertrou dat dit goed afgeloop het en bid jou spoedige herstel toe,

Br Willie en Sr Anita Schutte vier op Sondag 17 Februarie 17 Februarie hul 51e huweliksherdenking. Baie geluk Br Willie en Sr Anita. Ons bid julle goeie gesondheid liefde en geluk toe

MANNA EN KWARTELS VIR DIE GEES

Dr Callie Opperman, emeritus predikant van Windhoek-Suid en nou woonagtig te Swakopmund.

FOKUSGEDAGTE
GOD SE WIL IN MY GEBEDE
FOKUSVERS

Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: "My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil." (Matteus 26:39)

IN ONS GEBEDE VRA ONS TYDENS NOOD

In die gemiddelde bidder se gebede is daar meestal ook versoeke. Dit draai om ons behoeftes in tye van siekte, met hartseer, in vrees, tydens onveiligheid, of wanneer daar honger opduik. Dit is ook nie verkeerd nie. Ons mag ook ons daaglikse brood van Hom afbid.
Ons struikel egter dikwels as kinders van die Here oor my wil

teenoor God se wil. Ek bid, maar my gebed word nie verhoor soos ek gevra het nie. Die lyding van die sieke word nie verlig nie, die droogte wyk nie, die plaasmoorde hou nie op nie, die waarde van die Rand in my bankrekening word nie meer nie. Waarom dan nie? Ten diepste gaan dit om God se wil te verstaan. Is dit moontlik dat ons wil met syne kan sinkroniseer? Ons sien (verbasend genoeg) dat ook die mensgeworde Seun van God daarmee geworstel het.

JESUS EN SY VADER SE WIL

Jesus het ten volle mens geword, al was Hy steeds ook God. As mens het Hy alles beleef wat ons as mense deurmaak, behalwe dat Hy nie gesondig het nie. Daarom vind ons dat die mens Jesus ook sy nood en angs in gebede aan sy Vader bekendmaak. Hy pleit met sweetdruppels wat soos bloed word, dat die lyding van die kruisdood Hom gespaar sal word (lees Mat 26:36 vv). Maar tog het Hy bomenslike bereidheid om sy Vader se wil te aanvaar: *Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil.* (Mat 26:39). So het Hy ons in die Ons Vader gebed geleer: *"... laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel."* (Mat 6:10). God die Vader se wil was duidelik dat die Verlosser Seun in die plek van sondaars gestraf moes word. Dit is sy goeie wil en Hy hou daarby. Maar Jesus word deur 'n engel versterk om die kruisdood te dra (Luk 22:43). Oor Jesus se lydenspad word gesê: *"Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God. Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is."* (Heb 5:7–8).
Die sleutelbegrippe is "**onderworpenheid**" en "**geleer wat gehoorsaamheid is**".

ONS ONDERWERPING AAN GOD SE WIL

As volgelinge van Jesus mag ons ook vrymoedigheid neem om te bid, wanneer dinge opduik, wat te groot is om te hanteer. Maak jou diepste begeertes bekend, soos deur baie Psalmdigters, Profete en Jesus gedoen is. Deur gebedsworsteling word ons

geleer wat gehoorsaamheid beteken. Ons leer om ons aan God se goeie wil te onderwerp. Ons leer om Hom te vertrou. Hy druk nie sy wil liefdeloos op ons af nie, maar gee ook krag om te dra en te volhard.

NAGMAAL SONDAG 17 FEBRUARIE 2019

Die susters van ons gemeente nooi u hartlik uit om na afloop van die erediens saam te kom smul aan die ete wat hulle aanbied. Die susters begin opskep so in die omgewing van 12:00. Ons nooi veral ons nuwe intrekkers uit om te kom saam eet. Dit is ’n gesellige byeenkoms en ons gesels land en sand. Jy moet jou eie eetgerei en drinkgoed saambring. Daar is genoeg tyd na die diens om te gaan haal sou jy vergeet het

Spyskaart:
Wyk 1-12 is verantwoordelik vir die voorbereiding. Die hoender wat deur wyke 11-12 by die kerk voorberei word.
Wyk 1-12 maak ook die pastaslaai en die mengelslaai. Daar sal ook broodjies wees.
Wyk 13-22 verskaf die roomys en is verantwoordelik vir opruiming na die ete.

SILWERKRONE

Op Donderdag 14 Februarie vergader die Silwerkronelede vir hul maandelikse byeenkoms.
Daar gaan lekker gesmul word aan Macaroni en Kaas, met slaai en nagereg daarby.
Bring asb. jou eie eetgerei en drink dingetjie saam.
Hoop ons sien julle almal daar.
Almal is welkom. Skakel vir Jan Plomp by 084-767-4880

Dankbaarheid is ‘n vrug waarvan nie een van ons te veel kan gee nie.

AJ Cronin

DOPPERPARLEMENT

Die Dopperparlement beplan ‘n staptog, niks dramaties maar net genoeg om die vry lug en natuur te ervaar.

Daar is reeds vyf lede wat hulle rugsakke begin uitpak of liewer begin soek. Praat asb met Elfrieda de Beer sou jy belangstel. Jy kan gerus ook voorstelle maak vir ‘n roete, wat ons kan aanpak

WINTERMARK

Sou jy ‘n stalletjie wil huur vir die Wintermak gesels mt Griet Swanepoel.

Die stalletjie gaan jou R200.00 kos.

Besprek so gou doenlik

HIERDIE WEEK HOU ONS, ONS BESIG MET:

Vandag: Die kollekte tydens die erediens is vir die **Diens van die Diakens** en by die deure vir **die instandhouding van die Erediens.** Die ouderlinge en diakens van wyke 9 en 10 is aan diens. Die susters van Wyk 7 nooi jou na die diens saam te kom tee drink by Dopperdraai.
Katkisasie: Die katkisasie open in die Kerk na die Diens. Les 4. **Bybelstudie:** Dinsdag om 09:45, Die Silwerkrone bestuur vergader na die Bybelstudie. Bybelstudie, Donderdag om 18:30

VERJAARSDAE

11 Februarie: Helgard Cronje en Paul Kruger
12 Februarie: Melanie Buys, Anna-Mart Erasmus en Br Sarel van der Walt
13 Februarie: Ethan Schlebusch
15 Februarie: Mareitjie Bos en Janc Venter

Op 16 Februrie verjaar Br Leendert van Dalsen. Baie geluk br Leendert, ons bid jou goeie gesondheid. Liefde en vrede toe

KLEINADVERTENSIES

RIEMPIES: Riempies gebreek/stukkend? Stoele en 2 sitplek banke. Kontak Jan Plomp. 012-667-3003 of 084-767-4880.
JOU NUTSMAN: Skakel vir Hendrik van der Linden by 071-220 -5683.
ALTOKLEEN: Skoonmaak van Matte, Meubels, Leer en Materiaal, Matrasse, Vensters, Geboue, Kantore, Store en Huise. Baie dankie, ALTA by 082-395-6449.
NEUTE. Gesels met George Lee oor vrugte en neute. Bel hom by 082-778-5511. Daar is ’n nuwe pryslys beskikbaar.
VLEIS. Chris du Plessis is weer op spoor met die verskaffing van die vleis. Skakel Chris by 084-517-6308
It’s my Party: Reël u kind se partytjie deur Elize Pretorius by 082-356-6603 of 012-663-6142. Al die benodighede vir die partytjie word verskaf.

ALGEMENE INLIGTING

Predikant: Ds Christo Swanepoel, Burgerlaan 113, Lyttelton Manor. 012-664-2195. Selfoon 083-263-7641. E-pos swanepoel.gerefkerk@telkomsa.net

Bedieningskommissie: Ouderling Kobus Erasmus. Tel 082-334-1845

Bestuuurskommissie: Ouderling Tiddo Voogt: 0828927748

Voorsitter van die Diakonie: Diaken Johan van Rooyen Tel: 0834305884 . **Susters Voorsitter:** Sr Griet Swanepoel. 012-664 -2195

Die Silwerkrone Voorsitter: Br Jan Plomp 012-667-3003

Orrelis: Jaco Viljoen Tel: 076-554-6527

Koster: Mike Muller 012-667-3241

Kerkkantoor: Dirk Schoeman 082-473-9135

Bankrekening van die Kerk: Absa Bank Lyttelton, Takkode 335-045, Rek No: 0600-340-077

Die Kassier: Ouderling Kobus Robbertse 079-820-1329

Bankrekening van die Diakonie: Bank: ABSA Rek: 600280031 Tak: 632005

Bankrekening van die Susters: Gereformeerde Susters Komitee, ABSA Bank Lyttelton Takkode 335045, Rek No: 600 340 239

Die Koerier: Ferdie van Wyk - ferdievw@telkomsa.net

Gereformeerde Kerk Lyttelton
H/v Stasie en Monument Strate
Navrae: Dirk Schoeman
Tel 012-664-4325
E-pos: gkl@telkomsa.net

Skribas:
Oudl Carl Pohl
Selfoon: 082-469-1620
Oudl Pieter Bos
Selfoon: 081-390-2321

Attes Skriba: Henry Engelbrecht,
Tel: 012 664 0714. Selno: 082-680-6821
E-pos: henmet@telkomsa.net

Emosionele Ondersteuningsnetwerk: Indien u emosionele bystand weens eensaamheid, siekte, trauma ens. beleef of net wil deel word van die emosionele ondersteuningsnetwerk in ons gemeente, kan u gerus vir Trudie Grobbelaar (koördineerder) skakel by tel: 012 653 1195, of sel: 084 589 5965.